

**2 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 15:1-12**

### **Stryd om die suiwer evangelie**

In Handeling 15 lees ons van die eerste stryd onder Christene oor die leer van die Skrif. Vandag het ons al daaraan gewoon geraak dat Christene onder mekaar oor die Christelike boodskap verskil. Daar in Jerusalem was iets wesenlik op die spel. Die uitbreiding van die evangelie kon tot 'n stilstand gekom het. Waaroor het dit gegaan? Christene wat vanaf Judea in Antiogië aangekom het, het gesê dat die heidene besny moes word, anders kan hulle nie gered word nie. Dit was 'n geval van: Jesus Christus **plus**...

Hierdie gelowiges was voorheen Fariseërs (vers 5) en het klaarblyklik nog streng aan die ou voorskrifte vasgehou en dit ook verwag van die heidene wat Christene geword het. Daar het 'n heftige meningsverskil ontstaan tussen Paulus en Barnabas aan die een kant en die streng Joodse gelowiges aan die ander kant.

Verteenwoordigers van Antiogië en Jerusalem het amptelik byeengekom om die geskil te besleg. Vir Paulus was twee dinge in gevaar: die genoegsaamheid van die Persoon en werk van Christus as die enigste weg tot redding, en die uitbreiding van die koninkryk van God onder die heidene.

Die streng Joodse Christene se saak is op drie maniere verkeerd bewys:

\*\* In verse 7-9 wys Petrus daarop dat God heidene slegs deur die geloof in Christus reinig. Waar kom mense aan die reg om uiterlike reinigingspraktyke te vereis?

\*\* In verse 10-11 sê Petrus dat die Jode self nie in staat is om die wet van Moses getrou na te kom nie. Geen ander "juk" as net die genade van die Here Jesus mag mense opgelê word nie.

\*\* Paulus-hulle toon ook aan dat God steeds soos in Petrus en Kornelius se tyd, die suiwer evangelie van Christus seën onder die heidene.

Daarmee was die twispunt basies opgelos. Waar die kerk telkens weer voor sulke waterskeidings te staan kom en moet kies tussen eie tradisies en die suiwer evangelie, moet ons die Here bid om die leiding van sy Gees sodat die kerk sal bly by die suiwer evangelie. Dit gaan hier om die diepste lewensvrae van die kerk. Die werk van Jesus Christus kan nie deur mensewerk aangevul word nie! Sowel in die lewe van die kerk as in die persoonlike lewe van elke kind van God stry die vlees teen die Gees en die Gees teen die vlees. Aan God die dank: die Gees oorwin!

Sing: Psalm 74:16

Prof F Denkema (Potchefstroom)